

Professor M.C.E. (“Tienie”) van Schoor

André Wessels - Universiteit van die Vrystaat

As Geskiedenisdosent verbonde aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat (UOVS; nou die Universiteit van die Vrystaat) het Dok Tienie of later, Prof Tienie (soos hy geliefd en alombekend by studente en kollegas geword het) in die loop van baie jare by honderde, indien nie duisende nie, studente ’n liefde vir sy vak gekweek en ontwikkel. Deurgaans het hy die belangrikheid van navorsing, insluitende argivale navorsing, beklemtoon, en self ’n prysenswaardige voorbeeld gestel, veral ten opsigte van die annotering van tekste wat oor die Anglo-Boereoorlog handel. Hy

was die stigter en jare lank die hoofredakteur van die *Christiaan de Wet-annale*, 'n publikasiereeks wat deur die Oorlogsmuseum van die Boererepubliek in samewerking met die Suid-Afrikaanse Akademie vir Wetenskap en Kuns uitgegee word. Hy het publikasiegeleenthede vir ander persone geskep en hulle aangemoedig en ondersteun om manuskripte vir publikasie voor te lê – insluitende aan hierdie outeur,³ waarvoor professor Van Schoor ewige dank verskuldig is, want dit het my die nodige ondervinding laat opdoen en in staat gestel om baie jare later twee bronnepublikasieboeke in die buiteland te laat publiseer.⁴

Op nagraadse vlak was hy die studieleier vir 'n hele aantal MA-verhandelinge en doktrale proefskrifte. Om onder toesig van Dok Tienie as jou studieleier of promotor met nagraadse werk besig te wees, was 'n voorreg. Hy het hoë eise aan jou as student gestel, maar só het 'n mens baie geleer – nie net uit die skriftelike kommentaar wat hoofsaaklik in die vorm van kantaantekeninge baie volledig op ingehandigde werk gelewer is nie (in 'n klein handskrif met 'n rooi viltpen wat soms nogal hoë eise aan 'n mens se ontsyferingsvermoë gestel het), maar ook uit die indringende gesprekke wat oor die werk gevoer is. Hierdie gesprekke is meesal in sy studeerkamer ('n omskepte motorhuis langsaan, maar los van sy destydse huis in Bloemfontein, reg langs die universiteit) gevoer. Dié studeerkamer was op sigself iets om te aanskou, met boekrakke aan drie kante, tot oorlopende toe vol met boeke (met net Dok Tienie wat geweet het waar wat was), plus plate (ja, daar was 'n musiek-era vóór CD's en ipods!). 'n Afspraak wat om 19:00 'n aanvang geneem het, het gewoonlik begin met 'n indringende bespreking van die jongste gebeure op en af van die provinsiale en internasionale rugbyvelde, gevolg deur 'n gesprek oor die universiteit en die lewe in die koshuis (Dok Tienie was as "Pa Tienie" vir etlike jare koshuisvader van die UOVS se Huis Christiaan de Wet). Uiteindelik het die akademiese deel van die gesprek gewoonlik tot lank na middernag geduur, ondersteun met talle koppies tee wat deur Dok Tienie se vrou, Tannie Betha, verskaf is.

Professor Van Schoor was en is 'n kultuurmens by uitnemendheid. Deur die jare heen het hy, as gewilde spreker, 'n groot aantal toesprake en ander voordragte oor 'n verskeidenheid onderwerpe in die openbaar

3. A. Wessels (red.), "Letters: Lord Milner to Hamilton John Gould-Adams, 1901-1905"; "Irish Nationalists and South Africa, 1877-1902" en "Die Oorlogsherinneringe van kommandant Jacob Petrus Naser", onderskeidelik gepubliseer in die *Christiaan de Wet-Annale* V, Oktober 1978, pp 107-156; V, Oktober 1978, pp 157-184 en VII, Oktober 1987, pp 5-134.
4. A. Wessels (red.), *Lord Roberts and the War in South Africa 1899-1902* (Sutton, Stroud, 2000) en A. Wessels (red.), *Lord Kitchener and the War in South Africa 1899-1902* (Sutton, Stroud, 2006).

gelewer. Die bewaring van ons land se historiese en kulturele erfenis lê hom na aan die hart, en baie jare lank was hy lid van die Vrystaatse streekkomitee van die Raad vir Nasionale Gedenkwaardighede. Ook was hy betrokke by die Oorlogsmuseum van die Boererepublieke in Bloemfontein: eers as gewone lid (vanaf 1961) van die beheerraad van dié museum, en later as voorsitter (1982-1994) van dié beheerraad. Verder was hy gewone lid (vanaf 1963) en later voorsitter (1989-2001) van die Nasionale Vrouemonumentkommissie.

Professor M.C.E. van Schoor was en is onbeskaamd 'n Afrikanernasionalis wat alles vir sy mense veil het. Hy het 'n wye belangstelling in vele onderwerpe, en is iemand met 'n oop gemoed wat die politiek van die dag en ander aktuele sake betref. Hy het nog nooit weggeskram om sy standpunt oor 'n saak ferm en met oortuiging te stel nie. Deurgaans bly hy egter 'n *gentleman*; iemand wat deur middel van sy voorbeeld, waardigheid en integriteit ander mense in die loop van baie jare geïnspireer het – en dit steeds doen. Tot op hede is sy nalatenskap wat geskrewe werk betref, reeds omvangryk en sy bydrae tot die Suid-Afrikaanse historiografie indrukwekkend en waardevol – en hy gaan voort om navorsing te doen en te publiseer.

Na sy aftrede aan die einde van 1985, het professor Van Schoor (aanvanklik vanaf Bloemfontein, en vanaf 1995 vanaf Bettysbaai) voortgegaan om aktief op sowel die historiese as kulturele gebied 'n rol te speel. Daarvan getuig sy talle openbare optredes sedertdien, maar in besonder ook sy publikasies. Wat sy boekpublikasies na sy aftrede betref, verdien veral die volgende vermelding: sy vertaalde en geredigeerde weergawe van generaal C.R. de Wet se *De Strijd tussen Boer en Brit*,⁵ *Generaal J.C.G. Kemp en die Epiëse Woestyntog* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2006), 'n boek van 376 bladsye waarin 'n merkwaardige episode tydens die Rebelle van 1914-1915 beskryf word; *Die Bittereinde Vrede: Vredes pogings en -onderhandelinge voor en tydens die Anglo-Boereoorlog 1899-1902* (Kraal-Uitgewers, Brandfort, 2007), 'n duursame en pragtige koffietafelmaatboek van 256 bladsye, met 'n groot aantal foto's; en 'n 325-bladsy biografie, *Christiaan Rudolph de Wet: Krygsman en Volksman* (Protea Boekhuis, Pretoria, 2007) – 'n lewenstaak wat baie jare se navorsing geveg het. Die feit dat laasgenoemde twee boeke in Dok Tienie se sewe-en-tagtigste lewensjaar verskyn het, spreek boekdele ten opsigte van sy toegewydheid aan sy vak, en daardeur stel hy 'n voorbeeld aan alle ander akademici – iets waarvan gerus kennis geneem en wat dan ook nagevolg kan word.

5. C.R. de Wet, *Die Stryd tussen Boer en Brit* (vertaal en geredigeer deur M.C.E. van Schoor - Tafelberg, Kaapstad, 1999).